Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark - Trinitas
2018-10-21

Rut 2:1-23

God se genade roep ons op tot aktiewe geloof

Inleiding

- Veg of vlug.
    - Dit word beskryf as een van die twee wyses waarop ons optree wanneer ons instinkte inskop as ons bedreig word.
    - Tog is veg of vlug nie altyd een van die twee keuses wat ons maak wanneer ons met uitdagings gekonfronteer word nie.
        - Baie mense vries.
            - As die gevaar dreig doen jy niks en druk veel eerder jou kop in die sand totdat die dreigende gevaar verby is.
    - In Rut 2 sien ons egter baie duidelik dat veg, vlug of vries nie een van die drie opsies is wat ons moet uitoefen in die geloof nie.
- Ons het laasweek begin met ‘n reeks uit die boek Rut uit.
    - In Rut hoofstuk een het ons gehoor hoe God in beheer is selfs in die donkerste tye.
        - Naomi en Rut het teruggekeer na Bethlehem nadat Naomi se man, Elimelek, en beide haar twee seuns oorlede is.
            - Sy keer terug na Bethlehem saam met haar skoondogter Rut.
    - In Rut 2 sien ons baie duidelik dat Rut nie maar bloot agteroorsit en wag laat dinge weer vir haar goed gaan nie.
        - Sy is ‘n arm weduwee in ‘n vreemdeland, en ten spyte daarvan, word sy nie passief nie, maar tree op en vertrou dat God sal sorg.
- Daarom word ek en jy ook vanoggend uit Rut 2 herinner dat God se genade my en jou nie oproep tot ‘n passiewe geloof nie, maar ‘n aktiewe geloof.
    - So sien ons dan dat God vir ons voorsien uit sy genade.
    - Niks wat God doen kan ons enigsins toeskryf aan toeval nie.
    - Daarom moet ons ook optree in ooreenstemming met die geloof wat God in ons opwek.

<u>God voorsien aan ons uit genade</u>

- Niks word vir ons gesê hoe lang tyd verloop het tussen Rut 1 en 2 nie, maar in Rut twee word daar in vers 1 bloot genoem dat Naomi vir Boas as familielid gehad het.
    - Die stelling word bloot gemaak en dan gaan die verhaal verder.
    - Rut sit nie agteroor dat haar skoonma vir haar sorg nie.
        - Nee, sy vra vir haar skoonma of sy lande toe kan gaan om are te gaan optel.
            - Rut se kennis van die wet kom hierin duidelik na vore.
            - Levitikus 19:9-10 noem uitdruklik – *"Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie. Julle moet ook nie die wingerde 'n tweede keer oes of die korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge."*
                - So sorg die Here ook in die wet sodat die armes en die weduwees wat nie kon plant en oes nie, ook versorg kan word.
                - Rut moes kennis hiervan gedra het sodat sy die vrymoedigheid kon hê om na die lande toe te gaan.
                    - Naomi stuur vir Rut met 'n kort antwoord wat dit goedkeur.
- Rut eindig dan op by die land wat aan Boas behoort – 'n familielid van Elimelek.
    - Terselfde tyd het Boas by sy lande aangekom.
        - Hy en sy snyers groet mekaar met die seënwense.
            - Boas wys hier in sy groet dat hy 'n gelowige man is.
                - Tog het soveel van ons al beleef hoe vals die woorde kan wees.
                    - Iemand se mond loop oor soos wat hy praat van sy christenskap maar sy dade vertel 'n heel ander storie.
                        - In die verloop van die verhaal sien ons dat Boas se optrede wel in

ooreenstem met die geloof wat hier gewys word.

- Boas let wel op dat daar ‘n vreemdeling in sy lande is en vra uit oor die meisie.
    - Dit is Rut – die Moabiet.
        - Weer word dit duidelik gemaak dat Rut nie ‘n Israeliet is van geboorte nie.
    - Die voorman was Rut goedgesind en het haar toegelaat om in Boas se lande are op te tel.
    - Boas is Rut selfs meer goedgesind.
        - Hy laat haar toe om aan te bly in die land.
            - Eienaars van die grond het dikwels nie die wette van Levitikus 19 nagekom nie, en het vreemdelinge en weduwees weggejaag as hulle in die lande begin optel het.
    - Boas tree egter nie so op nie.
        - Hy tree selfs nog meer goedgesind op as wat die wet eis.
            - Hy beveel al sy werkers, nie net die voormanne nie, om Rut goedgesind te wees.
            - Hulle moet ekstra are laat val sodat daar vir Rut genoeg sal wees.
                - Sy kan selfs saam met Boas eet en rus en water drink as sy so sou voel.

- In vers 14 lees ons dat Rut genoeg geëet het, en selfs oorgehou het sien ons dat sy ook so vir haar skoonma te sorg deur nie te mors met dit wat vir haar gegee word nie, maar te deel met haar skoonma wat ook nodig het.
    - Vers 17 sê dat Rut altesaam 13 kilogram opgetel het vir die dag.
        - Vir 2 twee vroue was dit genoeg kos vir omtrent ‘n week gewees.
        - So sien ons die oorvloed wat Rut uit die hand van Boas ontvang het.
            - God het Naomi en Rut nie terug gestuur na Bethlehem toe om te kripeer van ellende nie, maar Hy sorg ook vir hulle in oorvloed uit sy genade.

        - God se voorsienigheid stop egter nie by vanaand se bord kos nie.
            - God se optrede is nie toeval nie.
                - Dit wys vir ons duidelik uit hoe God se raadsplan ontvou.

<u>God se optrede is nie toeval nie</u>

- Dit is redelik maklik om sekere gebeure aan toeval toe te skryf.
    - As ons maar die gebeure in Rut 2 vat.
        - Rut en Naomi keer terug na Bethlehem
        - Rut en Naomi keer terug na Bethlehem tydens die oestyd.
        - Rut gaan tel are op by Boas se grond sonder enige vooraf kennis, sonder enige aanwysings en sonder enige doelgerigte plek waarheen sy gaan.
    - As dit al toe te skryf is aan toeval lyk dit na ‘n baie oulike verhaal.
        - Dat Rut werklik nou so gelukkig kan wees.
- As ons egter besef dat dit die hand van die Here is agter al hierdie gebeure kry ons soveel meer troos uit God se raadsplan as blote toeval.
- Soos wat God vir Abraham geroep het in Genesis 12 – *“Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal wys.”*
    - Net so stuur Hy ook vir Rut na Bethlehem toe, en meer spesifiek na die lande van Boas toe sodat sy werke ook daarin duidelik kan word.
        - Met respek gesê vat God nie vir Rut aan die hand en sleep haar na die lande toe van Boas nie.
            - Nee, Hy gee die opdrag en in geloof antwoor Rut op hierdie opdrag.
            - Die Gees lei vir Rut sodat sy God se opdrag kan gehoorsaam.
                - Soos God ook vir Abraham gelei het om te trek, lei Hy vir Rut daarheen waar God haar wil hê.
                - Net so roep God my en jou ook en eis dat ons in geloof antwoord op dit wat God vra.
                    - Daarom is ons geloof nie maar bloot net woorde van bevestiging nie, maar dade wat ons in gehoorsaamheid doen tot eer van die Here.

- Rut het opgestaan en na die lande toe gegaan.
    - Sy het nie gesit en wag dat iets wonderbaarliks moet gebeur nie.
        - Rut het opgestaan en na die land toe gegaan sodat God se raadsplan daarin ook verder kan ontvou.
    - So het Rut by Boas se lande uitgekom sodat sy hom kon ontmoet.
        - Naomi se vreugde word duidelik gemaak wanneer Rut tuiskom en haar skoonma vertel van die man wat haar so goedgesind was.
            - Wanneer Naomi besef dat Boas die man is en dat hy as losser kan optree, gee sy aan God die eer dat Hy ook so sorg vir Naomi en Rut.
            - Hoewel Naomi en Rut nie oombliklike voorspoed en vooruitgang beleef nie, word daar vir hulle hoop gegee dat daar uitkoms sal wees.
                - Naomi kyk vas in die onmiddelike uitkoms wat daar vir haar kan wees, maar Rut en Boas se ontmoeting getuig van ‘n uitkoms wat veel wyer strek as net kos om te eet en ‘n erfgenaam.
                - God eis daarom van my en jou ook dat one nie agteroorsit en passief raak nie, maar dat ons sal optree volgens die geloof wat Hy deur sy Gees ook in die harte van elkeen van ons opwek.

<u>Tree op in ooreenstemming met die geloof wat God gee</u>

- In Boas en Rut se gespreek wens Boas vir Rut ‘n beloning toe omdat sy onder die vleuels van die Here kom skuil het.
    - Rut het nie onder die vleuels uitbeweeg toe sy na Boas se lande toe gegaan het nie.
    - God sorg vir sy kinders en daarom kan ek en jy nie onder die vleuels van God uitbeweeg nie.
        - Daarom kan ons met groot vrymoedigheid werksaam wees.
- Dit is nie toeval dat jy nou is waar jy is nie.
    - Jou werksomstandighede lyk dalk moeilik.
    - Jou gesond is dalk vir jou ‘n beproewing.
    - Jy soek dalk op die stadium ‘n antwoord op vrae wat jy het, maar die Here se stem klink vir jou stil.

        - Gaan voort met dit waar die Here jou geplaas het.
            - Hy sal jou ook lei dat jy reg optree.
                - Nie sodat jy alle voorspoed beleef nie, maar sodat die raadsplan van God ook daarin duidelik sal ontvou.
- Die toekoms in ons land lyk dalk vir jou troebel.
    - Maar dit is nie toeval dat jy vandag in Suid-Afrika is nie.
    - Dit is nie toeval dat jy in Vanderbijlpark is nie.
        - Tree nogsteeds op in aktiewe geloof.
            - Dit beteken dat jy nie net sê jy is 'n gelowige nie, maar dat jou dade dit sal wys.
            - Dit beteken jy hanteer elkeen regverdig en opreg.
            - Dit beteken dat jy jou werk steeds pligsgetrou doen.
            - Dit beteken dat jy die Here eer in jou huwelik.
            - Dit beteken dat jy as kind gehoorsaam is aan jou ouers en ouers dat jy jou kinders grootmaak om die Here te ken.
    - Aktiewe geloof is om dade by jou woorde te voeg.
        - Vra dat God jou oë sal oopmaak vir dit wat ons as "toeval" sien, en sy raadsplan daarin sal besef.

<u>Slot</u>

- Die Here het vir Rut geroep en ook vir haar gesorg.
    - Hy roep nie en los ons alleen nie.
    - Binne ons elkeen se eie unieke omstandighede versorg God ons.
        - Niks wat met jou gebeur is buite God se raadsplan nie.
            - Die uitkoms lyk dalk ver, maar dit beteken nie dat daar geen hoop is nie.
        - Die dinge wat met jou gebeur, die mense wat op jou pad kom, die beproewings wat jy moet deurgaan is alles uit die hand van die Here sodat Hy daardeur sy raadsplan vir elke gelowige kan bekend maak.